NOTULE

VYFDE SITTINGSDAG
VRYDAG 14 OKTOBER 2016

SESSIE 16 (Eerste oggendsessie) – Begin om

50. DAGOPENING

Ds. Marco la Grange (Koedoeskop) open lei die dagopening.
Hy lees 2 Kor 4:7-10.
Sing: Flam 159, Lied 471.
Slotlied: Lied 200.

Ds. Paul Grobler tref reëlings in verband met die ontruiming van die chalets.

Linda Venter (kerkraadslid Pietpotgietersrus) verjaar en word gelukgewens.

Vandag se tafelversiering sluit aan by die kerklike jaar: koninkrykstyd en die kleur is groen.

Die voorsitter kontrakteer met die vergadering dat almal wat teenwoordig is, tot die afsluiting van die vergadering sal bly, om 'n kworum te verseker.

51. DIENSGETUIENIS (vervolg) bl 109

Dr. Cobus van Wyngaard (Pretoria) lei die gesprek in.

4. VISIE: VERENIGENDE BEDIENING bl 120

Die voorsitter gee geleentheid vir tafelgesprek.

4.8 Konklusie

AANBEVELING: Goedgekeur
Die Sinode ondersteun hierdie visionêre ontwikkeling rondom Verenigende bediening en moedig gemeentes aan om waar moontlik soortgelyke bedieninge te ontwikkel.

VOORSTEL 14 - Goedgekeur
Die Sinode gee opdrag aan die SDR om ringe te begelei om, in die lig van demografiese en sosio-ekonomiese verskuiwinge in hulle omgewing, beplanning te doen oor moontlike vennootskappe en verenigende bedieninge binne die ringe.

GJ van Wyngaard	**AK le Roux**
Voorsteller	**Sekondant**

52. REGTE bl 124

Ds. Attie Nel (Waverley) stel die verslag.

1. ALGEMEEN

1.1 AANBEVELING: Goedgekeur
Die Sinode neem kennis van die samestelling van die STR.

1.2 AANBEVELING: Goedgekeur
Die Sinode neem kennis van die werksaamhede van die STR.

2. HERSIENING VAN BEPALINGS

Die verslag word in sy geheel gestel en goedgekeur.
Uitgesluit: Bepaling 32.2.9 – reeds afgehandel (Dinsdag 11 Oktober 2016 Sessie 5)
Bepaling 30.2.3 – goedgekeur soos gewysig. (Voorstel 15)

2.1 Werkswyse

BEROEPING, BEVESTIGING, DEMISSIE EN EMERITAAT VAN PREDIKANTE
Die Algemene Sinode het in 2015 Reglement 12, REGLEMENT VIR BEROEPING, BEVESTIGING, DEMISSIE EN EMERITAAT VAN PREDIKANTE goedgekeur. Hierdie reglement vervang nou die volgende bepalings in die *Kerkorde en aanvullende bepalings, NG Kerk Noordelike Sinode, 2012*:
Bepalings 7.1 – 7.10 oor die beroeping en benoeming van predikante.
Bepalings 8.1 – 8.3 oor die demissie en bevestiging van predikante
Bepaling 11.1 – Uittrede uit Evangeliediens
Bepaling 14.1

AANBEVELING:
Die Sinode besluit dat bepalings 7.1-7.10; 8.1-8.3 en 11.1 verval en dat die beroeping, bevestiging, demissie en emeritaat van predikante gereël word volgens Reglement 12; Reglement vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante.

Bepaling 14.1.2
Huidige bepaling: *Verlening van emeritaat weens verswakte gesondheid geskied volgens voorskrif-van die Reglement van die Predikante Pensioenfonds.*
Wysig om te lees: Verlening van emeritaat weens verswakte gesondheid geskied volgens die reëls van die Predikante Pensioenfonds.

Bepaling 14.1.3
Huidige bepaling: *Emeritaat om ander redes kan slegs verleen word na oorleg tussen die betrokke kerkvergadering en die Algemene Regskommissie.*
Wysig om te lees: Emeritaat om ander redes kan slegs verleen word na oorleg tussen die betrokke kerkvergadering en die Algemene Taakspan Predikantesake.

Bepaling 14.1.4 (Nuwe Bepaling)
Die Akte van Emeritaat word onderteken deur die voorsitter en skriba van die ring (vgl. Regl. 12, pt 12.4).

Bepaling 14.2.1
Huidige bepaling: *Die emeritus gee kennis van emeritaat aan die Saakgelastigde van die Sinodale Kerkkantoor, sodat:*
Wysig om te lees: Die skriba van die ring stel die betrokke sinodale kantoor, die pensioenkantoor, die Algemene Taakspan Predikantesake én die Kerkbode van die emeritering in kennis (vgl. Regl. 12, pt 12.5) .

Bepaling 14.2.1.1
Huidige bepaling: *die Registrateur van Huwelike daarvan verwittig kan word.*
Wysig om te lees: Die Saakgelastigde van die Sinodale Kerkkantoor stel die Registrateur van Huwelike in kennis van die emeritering.

Bepaling 14.3
Huidige bepaling: *Enige predikant wat om watter rede ook al emeritaat aanvaar het, maar wat volgens ouderdom nog sou kon kwalifiseer om beroep te word en wat begeer om tot die bediening terug te keer, moet daarvoor aansoek doen by die Sinodale Taakspan Regte. Die aansoek, waarin verklaar word dat die emeritus in staat is om weer voltyds diens te aanvaar, moet 'n aanbeveling van die ring waar hy woon, asook 'n mediese sertifikaat van 'n*

geneesheer wat deur die Sinodale Taakspan Regte aangewys is, bevat. Kennis van die beroepbaarstelling met stawende dokumentasie word aan die Algemene Bevoegdheidsraad gestuur.
Wysig om te lees: Enige predikant wat om watter rede ook al emeritaat aanvaar het, maar wat volgens ouderdom nog sou kon kwalifiseer om beroep te word en wat begeer om tot die bediening terug te keer, moet daarvoor aansoek doen by die Sinodale Taakspan Regte. Die aansoek, waarin verklaar word dat die emeritus in staat is om weer voltyds diens te aanvaar, moet 'n aanbeveling van die ring waar hy woon, asook 'n mediese sertifikaat van 'n geneesheer wat deur die Sinodale Taakspan Regte aangewys is, bevat. Kennis van die beroepbaarstelling met stawende dokumentasie word aan die Algemene Taakspan Predikantesake gestuur.

Bepaling 14.4.2
Huidige bepaling: Tentmakers/termynposte: vergelyk Reglement 12 en 13 (*Kerkorde* 2011).
Wysig om te lees: Tentmakers/Vastetermynposte: vergelyk Reglement 14 en 15 (*Kerkorde 2015*).

Bepaling 15.1.2
Huidige bepaling: *In nuutgestigte gemeentes geskied die verkiesing van kerkraadslede deur 'n vergadering van lidmate wat daartoe opgeroep is (Reglement vir die Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes; Reglement 21 [Kerkorde 2011], punt 1).*
Wysig om te lees: In nuutgestigte gemeentes geskied die verkiesing van kerkraadslede deur 'n vergadering van lidmate wat daartoe opgeroep is (Reglement vir die Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes; Regl. 23 (Kerkorde 2015), pt 1.1.5 en 1.1.6).

Bepaling 15.3.4
Huidige bepaling: *Indien daar meer name op die groslys verskyn as die aantal wat gekies moet word, moet elke lid soveel name op die stembrief plaas as wat verkies moet word. Diegene wat 'n volstrekte meerderheid van stemme verkry, is verkies. Indien dit nie die vereiste aantal oplewer nie, word oorgestem tussen die oorblywende name op die groslys, totdat die benodigde aantal persone met volstrekte meerderheid van stemme verkies is. As die stemme by die finale stemming staak, beslis die lot wie verkies is.*
Wysig om te lees: Indien daar meer name op die groslys verskyn as die aantal wat gekies moet word, moet elke lid soveel name op die stembrief plaas as wat verkies moet word. Diegene wat 'n volstrekte meerderheid van stemme verkry, is verkies. Indien daar nie na die eerste stemming 'n volstrekte meerderheid van stemme vir sekere lede verkry is nie, word oorgestem tussen die oorblywende name op die groslys, totdat die benodigde aantal persone met volstrekte meerderheid van stemme verkies is. As die stemme by die finale stemming staak, beslis die lot wie verkies is.

Bepaling 15.4.1
Huidige bepaling: *Die dienstermyn van kerkraadslede word deur die kerkraad bepaal en behoort nie langer as vier jaar te wees nie.*
Wysig om te lees: Die dienstermyn van kerkraadslede word deur die kerkraad bepaal en die totale ononderbroke dienstyd behoort nie langer as vier jaar te wees nie.

Bepaling 18.5
Huidige bepaling: *Behoudens bepaling 18.5.1 vorm die meerderheid van die lede van 'n vergadering 'n Kworum by kerkvergaderings.*
Wysig om te lees: Kworum by kerkvergaderings.

Bepaling 18.20.3
Huidige bepaling: *Die notule van die sinode word so ver moontlik by die volgende dagsitting goedgekeur en deur die moderatuur onderteken. Die laaste sitting se notule word na die moderatuur verwys vir kontrolering, goedkeuring en ondertekening.*
Wysig om te lees: Die notule van die sinode word deur 'n notule kommissie versorg en so ver moontlik by die volgende dagsitting goedgekeur en deur die moderator en die

skriba onderteken. Die laaste sitting se notule word na die moderatuur verwys vir kontrolering, goedkeuring en ondertekening.

Bepaling 26.4.2
Huidige bepaling: *die nog ongedoopte kinders van belydende lidmate wat kragtens die verbond van God in betrekking tot die gemeente staan;*
Wysig om te lees: die ongedoopte kinders van belydende lidmate.

Bepaling 27.2.2
Huidige bepaling: *'n Buitengewone vergadering van die kerkraad, wykskerkraad en sentrale kerkraad word deur die betrokke voorsitter belê, met kennisgewing aan die lede. Dit geskied wanneer hy dit nodig ag of wanneer minstens tien persent van die dienende lede van die betrokke vergadering by hom daarvoor aansoek doen. Op sodanige vergadering word net die saak/sake behandel waarvoor die vergadering aangevra is.*
Wysig om te lees: 'n Buitengewone vergadering van die kerkraad, wykskerkraad en sentrale kerkraad word deur die betrokke voorsitter na oorlegpleging met die predikant(e), indien die voorsitter nie 'n predikant van die gemeente is nie (vgl. Art. 28.3), belê met kennisgewing aan die lede. Dit geskied wanneer hy dit nodig ag of wanneer minstens tien persent van die dienende lede van die betrokke vergadering by hom daarvoor aansoek doen. Op sodanige vergadering word net die saak/sake behandel waarvoor die vergadering aangevra is.

Bepaling 30.4.5
Huidige bepaling: *Die skriba voer uit wat aan hom opgedra word in bepalings 8.2 en 8.3.*
Wysig om te lees: Die skriba voer uit wat aan hom opgedra word *volgens* die Reglement vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante (Regl. 12, *Kerkorde*, 2015).

Bepaling 31.2.1.1
Huidige bepaling: Voor die einde van die gewone vergadering van die ring word daar 'n ringskommissie gekies. Die ringskommissie kan op een van die volgende maniere saamgestel word:
*1. Huidige bepaling: Die verkose voorsitter, ondervoorsitter en skriba (plus 2 sekundi),
Wysig om te lees: Die verkose voorsitter, ondervoorsitter en skriba (plus 2 sekundi), wat uitgebrei word met die ringsverteenwoordiger(s) op die SDR, indien die ringsverteenwordiger(s) nie deel van die verkose personeel is nie;

*2. Huidige bepaling: *Die verkose voorsitter, ondervoorsitter en skriba (plus 2 sekundi) wat uitgebrei kan word:*
Wysig om te lees: Die verkose voorsitter, ondervoorsitter en skriba (plus 2 sekundi), wat uitgebrei word met die ringsverteenwoordiger(s) op die SDR, indien die ringsverteenwordiger(s) nie deel van die verkose personeel is nie, en dan verder uitgebrei kan word:

*3. Huidige bepaling: Lede van die Ringskommissie kan nie vir meer as twee termyne verkies word om die vergadering in dieselfde hoedanigheid te dien nie. Die persoon kan daarna wel in een van die ander hoedanighede verkies word.
Wysig om te lees: Lede van die Ringskommissie kan nie vir meer as twee termyne agtereenvolgens verkies word om die vergadering in dieselfde hoedanigheid te dien nie. Die persoon kan daarna wel in een van die ander hoedanighede verkies word.

Bepaling 31.2.1.2.6
Huidige bepaling: Die voorsitter van die kerkraad van 'n gemeente, waar 'n predikant emeriteer, stel die Ringskommissie vooraf in kennis van die bogenoemde emeritaat. Die Ringskommissie kontroleer alle dokumentasie met betrekking tot die emeritaat en of die betrokke kerkraad al sy verpligtinge teenoor die predikant nagekom het.
Wysig om te lees: Die voorsitter van die kerkraad van 'n gemeente, waar 'n predikant emeriteer, stel die Ringskommissie vooraf in kennis van die beoogde emeritaat. Die Ringskommissie kontroleer alle dokumentasie met betrekking tot die emeritaat en of die betrokke kerkraad al sy verpligtinge teenoor die predikant nagekom het.

Bepaling 31.2.2 (en 31.2.3 en 31.2.5)
Huidige bepaling: Kommissie vir visitasie.
Met die oog op die visitatoriese taak van die ring, word jaarliks 'n kommissie vir visitasie benoem wat uitvoering moet gee aan die opdragte soos vervat in bep. 31.3.
Bepaling 31.2.3 Kommissie vir Argief
Die ring benoem 'n argiefkommissie wat toesien dat uitvoering gegee word aan die opdragte soos vermeld in bep. 2.3 van die Argief- en Museumreglement.
Bepaling 31.2.5 Ander kommissies/taakgroepe
Die ring benoem by elke gewone vergadering ander kommissies/taakgroepe soos nodig. Met uitsondering van die ringskommissie hoef lede van kommissies/taakgroepe nie noodwendig afgevaardigdes te wees nie.
Wysig om te lees: Ander kommissies van die ring.
Die ring benoem jaarliks - of dan vir 'n termyn soos waarop die ring besluit – kommissies/taakgroepe (waaronder 'n gevolmagtigde tugliggaam) om hom te help in die uitvoering van die ring se werksaamhede. Lede van kommissies/taakgroepe hoef nie noodwendig afgevaardigdes na die ringsvergadering te wees nie. Aandag moet gegee word aan kundigheid, belangstelling en waar moontlik gesonde kontinuïteit. (Die Ringskommissie kan as die gevolmagtigde tugliggaam benoem word.)

Bepaling 34.1.2.3
Huidige bepaling: In die geval van 'n vakante leraarspos, of waar geen leraar afgevaardig word nie, kan 'n gemeente wel in ooreenstemming met KO art 33.1.1 'n ouderling/diaken (met sekundus) afvaardig. 'n Ouderling/diaken kan egter nie as sekundus vir die leraar/leraarspos afgevaardig word nie.
Wysig om te lees: In die geval van 'n vakante predikantspos, of waar geen predikant afgevaardig word nie, kan 'n gemeente in ooreenstemming met KO art 33.1.1 'n ouderling/diaken (met sekundus) afvaardig. 'n Ouderling/diaken kan as sekundus vir die predikant/predikantspos afgevaardig word (vgl. KO Art 33.3).

Bepaling 32.2.9
Huidige bepaling: Tydens die sinode word daar 'n moderatuur saamgestel wat uit die volgende lede bestaan:
*1. Die moderator, assessor en aktuarius.
*2. Vyf addisionele lede.
*4. Adviserend: die sinode se predikant in sinodale diens, wat ampshalwe as skriba optree, en die saakgelastigde van die sinode.
Wysig om te lees: Tydens die sinode word daar 'n moderatuur saamgestel wat uit die volgende lede bestaan:
***1. Die moderator, assessor en aktuarius.**
***2. Vyf addisionele lede.**
***3. Die direkteur van die Noordelike Sinode wat ampshalwe as skriba optree.**
***4. Adviserend: Die saakgelastigde van die sinode.**

Bepaling 35.1.2
*Huidige bepaling: *1. 'n Ouderling/diaken op die SDR bly lid van die SDR solank hy/sy as kerkraadslid in die gemeente dien.*
Wysig om te lees: 'n Ouderling/diaken op die SDR bly lid van die SDR solank hy/sy as kerkraadslid in die gemeente dien wat hom/haar na die sinode afgevaardig het.
***2. 'n Predikant bly op die SDR solank hy/sy predikant is van die gemeente wat hom/haar na die sinode afgevaardig het.**

Bepaling 35.4.
Die afvaardiging na die Algemene Sinode word soos volg saamgestel:
35.4.1 *10 predikante (met sekundi) en 10 ouderlinge/diakens (met sekundi) wat tydens die sinodevergadering gekies word.*
Die SDR finaliseer die afvaardiging aan die hand van die proporsionele formule van die Algemene Sinode eerstens uit die verkose sekundi lede en indien nodig uit lede van die vorige sinode.

Wysig om te lees: Die SDR finaliseer die afvaardiging na die Algemene Sinode aan die hand van die proporsionele formule van die Algemene Sinode uit lede van die vorige sinode.

3.3 Verdere wysigings van bepalings

AANBEVELING: Goedgekeur
Die Sinode besluit dat enige verdere sake wat tot en met die vergadering van die Sinode op die tafel van die Sinodale Taakspan Regte kom en enige implikasies mag hê op wysigings aan Bepalings van die Noordelike Sinode, deel sal uitmaak van die Sinodale Taakspan Regte se tweede verslag.

Punt 30.2.3 word geamendeer deur voorstel 15:

VOORSTEL 15 - Goedgekeur
Die Ring kies gedurende die vergadering 'n voorsitter, ondervoorsitter en skriba uit sy teenwoordige lede per groslys vir elke pos. Dieselfde persoon word nie meer as twee agtereenvolgende gewone vergaderings tot voorsitter en skriba vir die ring gekies nie.
Motivering:
1. Ringe word kleiner en beskikbaarheid van personeel verminder.
2. Persone met spesifieke gawes funksioneer beter.
3. Die Ring kan indien daar probleme sou ontstaan, die personeel verander.

EL Haarhoff — **Voorsteller**
CJ van Vuuren — **Sekondant**

30.2.3 Goedgekeur soos gewysig:
Die Ring kies gedurende die vergadering 'n voorsitter, ondervoorsitter en skriba uit sy teenwoordige lede per groslys vir elke pos. Dieselfde persoon word nie meer as twee agtereenvolgende gewone vergaderings tot voorsitter en skriba vir die ring gekies nie.

53. REGTE (Tweede verslag) los stuk

HERINSTEL VAN TRIBUNAAL - Goedgekeur
1.Die Sinode neem kennis dat in terme van Artikel 61.7 van die *Kerkorde,* 2015, die opsig, tug en/of dissipline deel vorm van die werksaamhede van die Ring en dat daar nie sonder meer van daardie verantwoordelikheid afgesien kan word nie.
2. Die Sinode neem kennis dat Reglement 18, *Kerkorde,* 2015, (vgl, par. 2.4 en 2.6) genoeg voorsiening maak vir die hantering van enige ongemak by ringsleraars wanneer 'n predikant binne die ring, aan 'n tug en/of dissiplinêre ondersoek/verhoor onderwerp word en dat die sinode of die Sinodale Taakspan Regte 'n ander tugliggaam sou kon saamstel indien daarvoor versoek.
3. Die Sinode versoek elke ring om een persoon aan te wys wat toegerus kan word om deel te vorm van 'n tug-/ondersoekliggaam wat deur die Ring en/of Sinodale Taakspan Regte saamgestel word, indien nodig en dat hierdie lys van name deur die SDR gefinaliseer word.
4. Die STR reël 'n geleentheid waar sulke persone toegerus kan word om op 'n tug-ondersoekliggaam te dien.

54. ONDERSTEUNING Bl 129

Dr. Michiel van der Merwe (Pretoria) lei die verslag in.

Die voorsitter gee geleentheid vir tafelgesprek.

Ds. Paul Grobler tref enkele praktiese reëlings. Evaluasievorms oor die sinodesitting word uitgedeel en die vergadering word versoek om dit in te vul.

Die vergadering verdaag vir midbyt. Sinodegangers moet 10:45 reeds weer hulle sitplekke inneem.

Ds. Frikkie van Niekerk (DRC Zambia: Lusaka) doen die tafelgebed, deels in Portugees.

Bruce Fenn (Kerkraadslid Quaggapoort) bedank vir Johannes en Fransina, terreinwerkers van Weesgerus vir die natgooi van die nuutgeplante kremetartboom vorentoe.

Die voorsitter bedank vir Theresa van Staden van die oord vir al die reëlings tydens die sinode.

2.4.3 Vaste Bates

AANBEVELING: Goedgekeur
2.4.3.1 Kennis geneem.

2.4.5 Sinodale bydraes relatief tot gemeente-inkomste en dravermoë

AANBEVELING: Goedgekeur
2.4.5.1 Die sinode neem kennis dat die STO besig is met 'n suiwering en priotisering van die begroting in terme van die strategie
2.4.5.2 Die sinode gee opdrag dat die hele sisteem m.b.t. die berekening en vordering van sinodale bydraes grondig hersien word.

VOORSTEL 13 – Goedgekeur (aanvullend tot 2.4.5)
Die Sinode besluit om 100% dravermoë as vertrekpunt te gebruik vir onderhandeling deur Ringsverteenwoordigers. Die (elke) gemeente se huidige finansiële posisie word in berekening gebring by die onderhandeling. Hierna word die (nuwe) dravermoë as persentasie bepaal.
<u>Motivering</u>: Hierdie werkswyse sal help om die historiese speelveld gelyk te maak.

FCA de Beer	**C Janse van Vuuren**
Voorsteller	**Sekondant**

Hierdie besluit tree onmiddellik in werking.

2.4.6 Eksterne Oudit

AANBEVELING: Goedgekeur
2.4.6.1 Kennis geneem.

2.5 DIENSVERHOUDINGE
2.5.1 Pensioen

AANBEVELING: Goedgekeur
2.5.1.1 Die aanwys van werkgewerlede word na die SDR verwys.

2.5.2 Mediese skema

AANBEVELING: Goedgekeur
2.5.2.1 Die Sinode versoek ringe om gemeentes in hulle gebied te motiveer om al hul personeel in te skakel by die mediese groepskema van die Sinode, naamlik Bestmed mediese skema, met die uitsondering van lede wat as afhanklike by hul gades se skema inskakel.

2.5.2.2 Die Sinode bevestig dat bestaande subsidies vir emeriti/pensioenarisse slegs betaal word aan lede wat ingeskakel is by die groepskema, met die uitsondering van lede wat as afhanklike by hul gades se skema inskakel, aan wie 'n enkel subsidie betaal word.

2.6 Argivalia

AANBEVELING: Goedgekeur
2.6.1 Kennis geneem.

3.3 Spesifieke uitdagings en/of geleenthede.

AANBEVELING: Goedgekeur
3.3.1 Kennis geneem van 3.1 tot 3.3.

55. NOTULE 4E SITTINGSDAG MAANDAG 13 OKTOBER 2016 - Goedgekeur

SESSIE 17

56. Byeenkoms van Ringe: Bepaling van prioriteite vir die volgende termyn – geskied in ringsverband

Die vergadering verdeel in die onderskeie ringe. Elke ring moet lede aanwys vir die SDR, asook 'n persoon wat opgelei kan word ten opsigte van tugaangeleenthede.
Drie prioriteite elk, waaraan die sinode en ringe aandag moet gee, moet bepaal en deurgegee word.

Prioriteite moet deurgegee word na ds. Paul Grobler.

Tafelgesprekke oor belewenis van die Noordelike Sinodesitting word gevoer.

Die moderatuur word bedank vir leiding geneem tydens die sinode.

57. SAMESTELLING VAN DIE SDR: Goedgekeur

Ring van Derdepoort
- Ds. DJ van Rensburg (Prim)
- Kerkr Alex Ross (Prim)
- Ds. Willem Boshoff (Sek)
- Kerkr Nadine van Eeden (Sek)

Ring van Daspoort
- Dr. Jan Botha (Prim)
- Ds. Hendrik Lambrechts (Sek)
- Kerkr Retha Kruidenier (Prim)
- Kerkr Jerry van Schalkwyk (Sek)

Ring van Krokodilrivier
- Ds. Johan de Wet (Prim)
- Kerkr Pieter Brynhart (Prim)
- Ds. Dewald Roux (Sek)
- Kerkr Duppie du Plessis (Sek)

Ring van Louis Trichardt
- Ds. PJ Kriel (Prim)
- Kerkr AJ Smal (Prim)
- Ds. J Pretorius (Sek)
- Kerk IS Wilson (Sek)

Ring van Midde-Afrika
- Ds. PFJ van Vuuren (Prim)
- Kerkr C Brand (Prim)
- Ds. JG Haasbroek (Sek)
- Kerkr D Theron (Sek)

Ring van Northam
- Dr. Tinus Benadé (Prim)
- Kerkr HA Schreuder (Prim)
- Ds. JZ de Jager (Sek)
- Kerkr C Olivier (Sek)

Ring van Pietersburg
- Ds. JM Bezuidenhout (Prim)
- Kerkr P van der Merwe (Prim)
- Ds. TJH Meyer (Sek)
- Kerkr CM Bouwer / Leon Oosthuizen (Sek)

Ring van Pietpotgietersrus
- Dr. Chris Harris (Prim)
- Kerkr Pieter Prozesky (Prim)
- Ds. Peet Venter (Sek)
- Kerkr Corinus du Toit (Sek)

Ring van Pretoria-Noord
- Dr. J Wildenboer (Prim)
- Kerkr Johan Labuschagne (Prim)
- Ds. Sonica Kruger (Sek)
- Kerkr Orna van der Merwe (Sek)

Ring van Pretoria-Oos
- Dr. André van Niekerk (Prim)
- Kerkr Willie van Heerden (Prim)
- Ds. Rykie Howell (Sek)
- Kerkr (dr) Michiel van der Merwe (Sek)

Ring van Rustenburg
- Ds. Riaan Steyn (Prim)
- Kerkr Riekie Terblanche (Prim)
- Ds. Willem Immelman (Sek)
- Kerkr Herman Jansen (Sek)

Ring van Sentraalmoot
- Ds. FP Naudé (Prim)
- Kerkr JJ van As (Prim)
- Ds. Derick du Toit (Sek)
- Kerkr H Wiegand (Sek)

Ring van Sesmylspruit
- Ds. R Wasserman (Prim)
- Ds. JJ van Rensburg (Sek)
- Kerkr DS de Klerk (Prim)
- Kerkr GJ van Zyl (Sek)

Ring van Suidoos-Pretoria
- Ds. I van Tonder (Prim)
- Kerkr (Prof) Malan Nel (Prim)
- Ds. Fritz Snyman (Sek)
- Kerkr Quintus Smit (Sek)

Ring van Valhalla
- Ds. F Esterhuizen (Prim)
- Kerkr Nico Pretorius (Prim)
- Ds. Snowy Swart (Sek)
- Kerkr Rudolph de Bruyn (Sek)

Ring van Waterberg

- Ds. FCA de Beer (Prim)
- Kerkr GJ Aggenbach (Prim)
- Ds. DJH Uechermann (Sek)
- Kerkr IC du Preez (Sek)

Wonderboom

- Ds. N Steyn (Prim)
- Kerkr (ds) Pieter Viljoen (Prim)
- Ds. D Viljoen (Sek)
- Kerkr Leon van Dyk (Sek)

58. AFSLUITINGSEREMONIE

Ds. Paul Grobler gee finale praktiese reëlings deur.

Die voorsitter, dr. Dewyk Ungerer, bedank die verskillende rolspelers in die vergadering: Hemelse Vader, Weesgerus-oord, direkteur en personeel, plaaslike gemeentes, klankspan, steunspan en notulespan.

Die voorsitter gaan voor in die afsluitingseremonie:

Tafelgebed en Lied 266
Skriflesing: Ps 133, 134
Slotlied: Flam 92

Die sinode verdaag.

59. VERLOF

Ds. JC Avenant, The Reeds. Sessie 16 – 17.
PJ Avenant, Moregloed. Sessie 17.
Ds. GFM Beetge, Derdepoort. Sessie 17.
J Beetge, Levubu. Sessie 16 – 17.
Ds. MJ Benade, Thabazimbi. Sessie 16 – 17.
A Bezuidenhout, Valhalla. Sessie 16 – 17.
Ds. A Botha, Naboomspruit. Sessie 16 – 17.
Ds. PF Burger, Pretoria-Oos. Sessie 16 – 17.
Ds. T Coetzee, Wesmoot. Sessie 16 – 17.
DS de Klerk, The Reeds. Sessie 16 – 17.
Ds. F de Wet, Suidoos-Pretoria. Sessie 16 - 17.
Ds. M de Wet, Suidoos-Pretoria. Sessie 16 - 17.
RJ Engelbrecht, Florauna. Sessie 16 - 17.
Ds. F Esterhuizen, Raslouw. Sessie 16 – 17.
W Esterhuizen, Messina. Sessie 16 - 17.
B Fenn, Quaggapoort. Sessie 17.
Ds. LJ Fourie, Valhalla. Sessie 16 – 17.
K Germishuys, Warmbad. Sessie 16 -17.
B Gouws, Wesmoot. Sessie 16 – 17.
Ds. P Grobler, Pierneef. Sessie 16 – 17.
Ds. C Grundlingh, Pietersburg. Sessie 16 - 17.
G Henning, Pietersburg. Sessie 16 – 17.
Ds. RI Howell, Waterkloof. Sessie 16 – 17.
Ds. PJ Kriel, Levubu. Sessie 16 - 17.
D Krige, Raslouw. Sessie 16 – 17.
Ds. WH Kritzinger, Moregloed. Sessie 16 – 17.
Ds. HJP Lambrechts, Wespoort. Sessie 16 – 17.
Dr. JA Loubscher, Rietfontein-Noord. Sessie 16 – 17.
Ds. LAS Lemmer, Magalieskruin. Sessie 16 - 17.
R McAlpine, Thabazimbi. Sessie 16 – 17.

Ds. AM Meiring, Universiteitsoord. Sessie 16 - 17.
Ds. EP Meylahn, Universiteitsoord. Sessie 16 – 17.
Ds. FP Naude, Rietfontein-Noord. Sessie 16 - 17.
C Olivier, Thabazimbi. Sessie 16 – 17.
A Pieterse, Wespoort. Sessie 16 – 17.
JS Pieterse, Universiteitsoord. Sessie 16 – 17.
Ds. J Putter, Pietersburg-Noord. Sessie 16 - 17.
Dr. WA Pretorius, Kameeldrif. Sessie 16 – 17.
Ds. R Rheeder, Villieria. Sessie 16 – 17.
WP Roux, Derdepoort. Sessie 17.
Ds. TD Schutte, Krokodilrivier. Sessie 16 - 17.
J Steynberg, Waterberg. Sessie 16 – 17.
Ds. JJ Strachan, Lynnwood. Sessie 16 - 17.
Ds. DJ Strauss, Rustenburg-Proteapark. Sessie 16 - 17.
JC Swanepoel, Universiteitsoord. Sessie 16 – 17.
O van der Merwe, Florauna. Sessie 16 – 17.
Ds. K van der Westhuizen, Doornpoort. Sessie 16 - 17.
PS van der Westhuizen, Pierneef. Sessie 16 - 17.
Ds. EM van Staden, Soutpansberg. Sessie 16 – 17.
Ds. IA van Tonder, Lynnwood. Sessie 16 - 17.
Ds. ACJ van Niekerk, Waterkloof. Sessie 16 – 17.
Ds. GJ van Wyngaard, Pretoria. Sessie 16 – 17.
Ds. CM Viljoen, Quaggapoort. Sessie 17.
Ds. R Wassermann, Wierdapark-Suid. Sessie 16 – 17.